Inleiding

Waarom so ‘n Inligtingstuk?

Deur die jare het die Sustentasiedeputate en later die deputate Emeritaatsversorging navrae deur kerkrade, finansiële diensgroepe, deputate van Klassisse en Streeksinodes ontvang oor riglyne vir ‘n groot verskeidenheid van sake.

Met die werkswinkels wat die Skakeldeputate gehou het, het verskeie leemtes en onkunde na vore gekom in kerklike en finansiële administrasie.

Wanneer ‘n mens in aanmerking neem dat kerkrade ongeveer elke vier jaar wissel en dus ook skribas en kassiere, is dit noodsaaklik om hulpmiddels daar te stel sodat ‘n nuwe skriba of kassier nie weer die wiel hoef uit te vind of te herontdek nie.

Ons kan nie anders nie as om die skribas en kassiere asook finansiële kommissies wat deur die jare so getrou sonder vergoeding die werk doen, hier te vermeld nie. Ons het baie by die broers en susters geleer, veral die beproefde kortpaaie wat hulle ontwikkel het.

Hierdie inligtingstuk is bedoel vir die dominee as voorsitter van ‘n vergadering, die konsulent, vir die skriba, die attes-skriba, die kassier, finansiële- en administratiewe kommissies, die versorgingskommissie (predikant se traktering) die bedieningskommissie, uitreike en evangeliseringskommissies, diensgroepe ens.

Kortom vir almal op die Kerkraad en wie ook al besig is met kerklike administrasie en finansies.

Hierdie inligtingstuk vervang nie die Kerkorde nie, dit vervang ook geen Sinodebesluit nie, maar is ‘n hulpmiddel vir uitvoering van die Kerkorde en Sinodebesluite met riglyne.

Daar is wel sekere Skrifgefundeerde beginsels wat deurgegee word, waaraan kerkrade met erns aan kan aandag aan kan gee.

‘n Baie belangrike uitgangspunt is dat ons die kerk van ons Here Jesus Christus is. Daarom respekteer ons Kerkorde, artikel 30 sake, dat ons sake op ‘n kerklike wyse doen, al gebruik ons al die moderne hulpmiddels tot ons beskikking. Ons moet waak teen wêreldse gebruike en stelsels wat ingevoer word – bv. om ‘n normale beroepsbrief te vervang met ‘n dienskontrak.

Die inligtingstuk word uitgegee deur die Skakeldeputate in samewerking met die Bestuur van die Administratiewe Buro, die Deputate Emeritaatsversorging en die Sustentasiedeputate.

Vertrekpunt

Ons is besig met die kerk van ons Here Jesus Christus. Die totstandkoming van die kerk is nie ‘n menslike handeling nie, maar die werk van die Vader en die Seun en die Heilige Gees – Ef 1; HK, Son 21.

Op grond van hierdie eiesoortige totstandkoming, is daar ‘n eiesoortige interne regering, gegrond op die Skrif. Die kerk funksioneer in die wêreld en ag hom nie los van die wette van die land nie.

In die Gereformeerde kerkregering word uitgegaan van die Skriftuurlike feit dat elke plaaslike kerk ‘n volledige kerk is, en as ‘n vergadering van gelowiges bekend is. Die plaaslike kerk vorm dan ‘n regspersoon – wat al die regte en pligte van ‘n regspersoon het (Kerkordeboekie, 1998:10).

Omdat elke kerk/gemeente volledig kerk is, kan elke kerk binne die Suid-Afrikaanse reg aan die regsverkeer deelneem. Elke kerk word dan as ‘n regspersoon erken wat:

- Kontrakte kan sluit, eiendom kan bekom en vervreem, bankrekeninge kan bedryf, leningsooreenkomste kan sluit, ens.
- Aan die toepaslike wette van Suid-Afrika onderworpe is, bv belastingwetgewing. Tog word die kerke in die GKSA binne die Suid-Afrikaanse konteks erken as ‘n eiesoortige regspersoon, sodat ander wetgewing (bv die Wet op Arbeidsverhoudinge) nie ongekwalifiseerd van toepassing is nie.

Die taak van die Kerkraad

In alle kerke moet ‘n Kerkraad wees wat bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge, wat gereeld vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of die bedienaars om die beurt as daar meer as een is.

Die taak van die Kerkraad is onder andere om sorg te dra dat die Woord bedien word. Daarvoor moet die Kerkraad die nodige infrastruktuur skep (HK, Son 38). Die verantwoordelikheid van die Kerkraad is om toe te sien dat lidmate die geleentheid het om die 4de Gebod na te kom , geïnspireer deur Christus se liefde, voluit te kan leef.

Kort woordomskrywing

Algemene Sinode	Griekse woord wat beteken karavaan of samekoms. Dit is ‘n vergadering van al die Streeksinodes waarheen elke Streeksinode ‘n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos bepaal deur die Algemene Sinode, afvaardig.
Deputate	Persone wat benoem word om die besluite uit te voer (Streeksinode, sinode) en aan ‘n volgende meerdere vergadering verslag te doen.
Emeritus	Emeres – oudgediende, veteraan, verdienstelik. Predikant/Professor wat “aftree-ouderdom” bereik het.
Klassis	Classis, klas, afdeling: Is ‘n vergadering van naburige *kerke* wat elkeen ‘n bedienaar van die Woord en ‘n ouderling of, waar nie ‘n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig.
Klassis kontracta	Beteken letterlik ‘n “saamgetrokke” Klassis; dus ‘n verkleinde Klassis (word saamgestel uit afgevaardigdes van twee naburige kerkrade).
Konsulent	Is ‘n predikant wat deur die Klassis aangewys word om as voorsitter op te tree wanneer ‘n gemeente vakant is of as dit vir die predikant van die betrokke gemeente nie moontlik of wenslik is om self as voorsitter op te tree nie.
Kredensiebrief	Dit is ‘n wettige bewys dat iemand gestuur is en opdrag ontvang het om namens ‘n mindere vergadering te handel.
Kuratorium/Kuratore	Is ‘n vergadering van verkose en gevolmagtigde regeerders of versorgers van die kerke ten opsigte van predikantsopleiding en wat regstreeks daarmee verband hou. Die Kuratorium funksioneer soos ‘n *synodus contracta* en verrig dit ‘n besondere kerkregeringstaak met die oog op die voorsiening vir, die sorg en die toesig oor die diens van predikantsopleiding.
Moderamen	Neem die leiding van ‘n kerklike bestuursraad op plaaslike, streeks- of nasionale vlak.
Praeses	Latynse woord – aanvoerder, beskermer, bestuurder. Beteken niks anders as voorsitter. In Kerkorde, artt 35, 37 en 41 word bepaal dat ‘n bedienaar van die Woord voorsitter moet wees in kerklike vergaderings.
Proponent	Propono – tentoonstel, aanbied. Is ‘n teologiese kandidaat wat reeds beroepbaar gestel is.
Skriba	Is die sekretaris van ‘n kerklike vergadering wie se taak is om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word.
Streeksinode	Is ‘n vergadering van naburige *Klassisse*, wat elkeen ‘n gelyke aantal predikante en ouderlinge afvaardig.
Sustentasie	Latynse woord – sus + temo – vashou, regop hou. Finansiële hulp en advies aan kerke in die uitvoering van Christus se opdrag om die evangelie aan alle mense te bedien. Die primêre fokus is die uitbreiding van God se koninkryk in die opbou en uitbou van die kerk volgens Matt 28.
Traktement	Voorsiening in lewensonderhoud.
Visitasie	Latynse woord – “visito” wat beteken: “dikwels sien”, “besoek”. Visitasie is dus ‘n *besoek* wat by ‘n kerk afgelê word, en nie ‘n “visentering” is nie.

Lys van afkortings

Art	Artikel
Bv.	Byvoorbeeld
Dr.	Doktor
Ds.	Dominee
DV	Deo Volente
EPPW&W	Emerituspredikante, Predikantsweduwees en -Wese
EFB	Eeufeesbedieningsfonds
EVK	Emeritaatsversorgingskombinasie
EVT	Emeritaatsversorgingstrust
GK	Gereformeerde Kerk
GKSA	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
GKSAPPF	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Predikante Pensioenfonds
HK	Heidelbergse Kategismus
KO	Kerkorde
m.b.v.	met behulp van
NGB	Nederlandse Geloofsbelydenis
o.a.	onder andere
PPF	Predikante Pensioenfonds
Prof	Professor
SDDS	Sinodale Deputate Diakonale Sake
Son	Sondag
TSP	Teologiese Skool Potchefstroom
VDM	Verbi divini minister